
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is DRIE keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes van elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite. MOENIE in tabelvorm beantwoord NIE.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

## VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

**Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1



FIGUUR A: **Oppervlakontwerp** deur Zinhle Sithebe (Suid-Afrika), 2020.

1.1.1 Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsels in FIGUUR A hierbo:

- Fatsoen
- Kleur
- Ruimte
- Eenheid (4 x 2) (8)

1.1.2 Verduidelik hoe die oppervlakontwerp in FIGUUR A hierbo inklusiwiteit in ontwerppraktyk weerspieël. (2)
**[10]**

**OF**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2



FIGUUR B: **uBuhlanti (Kraal)-bank** deur Andile Dyalvane (Suid-Afrika), 2020.

Analiseer die gebruik van die volgende terme ten opsigte van hulle gebruik in FIGUUR B hierbo:

- Vorm
- Tekstuur
- Balans
- Funksie
- Ergonomie (5 x 2) **[10]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP

2.1




FIGUUR C: **Laat Jou Vindingryke** ('n slim, praktiese persoon) **Lewe Gebeur ('Make Your Savvy Life Happen')-plakkaat** deur Wesley van Eeden (Suid-Afrika), 2020.

Identifiseer en bespreek TWEE simbole wat in FIGUUR C hierbo gebruik word en verduidelik die moontlike betekenisse daarvan met betrekking tot die boodskap van die plakkaat. (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2



FIGUUR D: **Hout-kameelperdbeker ('Wooden Giraffe mug')**, ontwerper onbekend (Kenia), 2015.



FIGUUR E: **Karnaval-beker ('Carnival mug')** deur Fujimori vir Kato Kogei Ceramics (Japan), 1980's.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die beker in FIGUUR D met die beker in FIGUUR E vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Vorm
- Funksie
- Oppervlakpatrone (3 x 2) (6)

**[10]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: ARGITEKTUUR

**Beantwoord VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2 ÓF VRAAG 3.3.**

3.1




FIGUUR F: Die **Amerikaanse Kongresgebou** deur William Thornton (VSA), 1793–1826.



Besonderhede van die interieur van die **Amerikaanse Kongresgebou**.



FIGUUR G: Die **Konstitusionele Hof** deur Urban Solutions and OMM Design Workshop (Suid-Afrika), 1996.



Gedeelte van die interieur van die **Konstitusionele Hof**.

Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die Amerikaanse Kongresgebou in FIGUUR F met die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hofgebou in FIGUUR G vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Invloede
- Materiale
- Binnenshuise versiering
- Uiterlike vorm
- Hoe die geboue hulle funksies weerspieël (5 x 2) **[10]**

OF



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke of Klassiek geïnspireerde gebou/struktuur met enige **kontemporêre gebou/struktuur** (wat jy bestudeer het) vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Inspirasie
- Materiale
- Konstruksie/Tegnologie
- Belangrikheid van die terreine
- Hoe die geboue/strukture hulle funksies weerspieël (5 x 2) **[10]**

**OF**

3.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke of Klassiek geïnspireerde gebou/struktuur met enige **Inheemse Kennisstelsels(IKS)-gebou/struktuur** (wat jy bestudeer het) vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Inspirasie
- Materiale
- Konstruksie/Tegnologie
- Belangrikheid van die terreine
- Hoe die geboue/strukture hulle funksies weerspieël (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

### VRAAG 4

4.1 Bestudeer die visuele beelde (prentjies) hieronder en beantwoord die vraag op die volgende bladsy.



**Kuns en Kunsvlyt**



**Art Deco**



**De Stijl**




**Pop**



**Modernisme**



**Skandinawies**



**Postmodernisme**



**Dekonstruktivisme**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



> 'Daar is drie reaksies op 'n ontwerpstuk – ja, nee en WOW!
> Wow is die een om voor te mik.'
> – Milton Glaser

Kies enige TWEE bewegings wat deur die visuele beelde (prentjies) op die vorige bladsy verteenwoordig word, wat die aanhaling hierbo ondersteun of verwerp.

- Kuns en Kunsvlyt
- Art Deco
- De Stijl
- Pop
- Modernisme
- Skandinawies
- Postmodernisme
- Dekonstruktivisme

Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy bespreek hoe die ontwerpe van ELK van die TWEE bewegings die aanhaling hierbo **ondersteun** of **verwerp**.

Om jou argument te ondersteun, verwys na die volgende in jou opstelle:

- Die doelwitte en invloede van BEIDE bewegings
- Die stilistiese kenmerke van BEIDE bewegings
- Noem die ontwerpers van die TWEE bewegings wat jy gekies het en bespreek hulle ontwerpvoorbeelde om jou stellings te motiveer. **[20]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2



FIGUUR H: **Art Nouveau-kraffie** deur J Barian (Frankryk), 1900's.



FIGUUR I: **Bauhaus-mengfles** deur Marianne Brandt (Duitsland), 1925.

Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die TWEE bekers hierbo vergelyk en verduidelik hoe hulle tipies is van die ontwerpbewegings wat hulle verteenwoordig.

Verwys na die volgende terme en konsepte om jou antwoord te ondersteun:

- Invloede/inspirasie
- Lyne
- Materiale
- Vorm volg funksie
- Die gebruik van die konsep Minimalisme (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5**

**Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1





FIGURE J: **Sê Nee Vir Dwelms ('Say No To Drugs')**-plakkaat, ontwerper onbekend (VSA), datum onbekend.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1.1 Verduidelik hoe die gebruik van beelde en uitleg/komposisie in die plakkaat in FIGUUR J hierbo die boodskap van die plakkaat beklemtoon. (4)

5.1.2 Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper/ ontwerpgroep **EN** EEN kontemporêre internasionale ontwerper/ ontwerpgroep wat sosiokulturele kwessies in hulle werk aanpak, bespreek.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN ontwerpproduk
- Sosiokulturele kwessies wat in hulle doelwitte en/of ontwerpprosesse aangepak word
- Verduidelik hoe die ontwerpvoorbeeld/produk van die ontwerper/ontwerpgroep wat jy gekies het, die sosiokulturele kwessie(s) aanpak

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel gebruik is, verwys NIE. (16)
**[20]**

**OF**

5.2 5.2.1 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) oor EEN tradisionele inheemse kunshandwerk wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Oorsprong, funksie, materiale en tegnieke van die tradisionele kunshandwerk
- 'n Bespreking van EEN voorbeeld, asook die naam van die inheemse kulturele gemeenskap wat die tradisionele kunshandwerk vervaardig het (10)

5.2.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die werk bespreek van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse/Afrika-ontwerper/ -ontwerpgroep wat inheemse kunshandwerktegnieke aangepas het om 'n ontwerp vir die kontemporêre samelewing te skep.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Naam van ontwerp/ontwerpgroep en EEN kontemporêre ontwerpproduk
- Doelwitte van en invloede op die ontwerper/ontwerpgroep
- Materiale en prosesse van die ontwerper/ontwerpgroep
- Analise van hoe die kontemporêre ontwerpproduk inheemse kunshandwerktegnieke aanpas en vier (10)
**[20]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6

6.1



FIGUUR K: **Ekovriendelike verpakking** deur Viro Solutions (Suid-Afrika), 2019.

6.1.1 Bespreek waarom die verpakking in FIGUUR K ekovriendelik is. (2)

6.1.2 Bespreek TWEE negatiewe aspekte van die verpakking in FIGUUR K hierbo. (2)

6.2 Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy die werk bespreek van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep **EN** EEN kontemporêre internasionale ontwerper/ontwerpgroep wie se werk volhoubare/omgewingskwessies aanpak.

Verwys na die volgende in jou opstelle:

- Name van die ontwerpers/ontwerpgroepe en EEN van hulle ontwerpe
- Doelwitte, materiale en prosesse
- 'n Bespreking van die ontwerpe en 'n verduideliking van hoe dit volhoubare/omgewingskwessies aanpak.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel gebruik is, verwys NIE. (16)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS